



## Bepalings en voorwaardes vir die Kokoriba naweekkompetisie

- 1) Deelname aan die kompetisie impliseer aanvaarding van alle bepalings, reëls en voorwaardes.
- 2) Geen persoon wat by Solidariteit of enige van sy instansies werksaam is, of enige van die personeel se direkte gesinslede mag aan die kompetisie deelneem nie.
- 3) Alle inskrywings word die eiendom van die Solidariteit Beweging en sal vir toekomstige promosiedoeleindes in 'n databasis vasgelê word. Deelname aan hierdie kompetisie veronderstel toestemming om deur Solidariteit gekontak te word.
- 4) Pryse is nie oordraagbaar nie en kan nie vir kontant omgeruil word nie.
- 5) Die naweek sluit die volgende in: Gratis akkommodasie vir 'n maksimum van vier persone op die oord vir twee agtervolgende nagte wat 'n Vrydag & Saterdag sal wees.
- 6) Die prys sluit die volgende uit: Vervoer van en na Kokoriba Vakansieoord, kruideniersware en enige onvoorsiene onkoste wat met die aanvaarding van 'n prys gepaardgaan, buiten dit wat in die bepalings en voorwaardes van die kompetisie gestipuleer word. Solidariteit kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan persoonlike besittings of aan die eiendom van Kokoriba Vakansieoord nie. Die naweek wat gewen word, kan nie lang naweke of gedurende hoogseisoen benut word nie en is onderhewig aan beskikbaarheid.
- 7) Die naweek moet binne ses maande ná aanvaarding van die prys gebruik word.
- 8) Die wenner van die kompetisie sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word.
- 9) Indien Solidariteit nie daarin slaag om 'n pryswenner binne vyf werksdae ná die finale trekking per e-pos of telefonies te kontak nie, sal 'n ander wenner aangewys word.
- 10) Die finale beslissing is nie onderhandelbaar nie en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.
- 11) Alle deelnemers stel die Solidariteit Beweging, sowel as die borge en agentskappe wat by hierdie promosie betrokke is, vry van aanspreeklikheid vir enige skade en/of koste voortspuitend uit eise wat hulle deur deelname aan die kompetisie en/of die benutting van pryse mag hê of opdoen. Solidariteit behou die reg voor om ter enige tyd uit die Kokoriba naweek te onttrek om welke rede ook al.
- 12) Solidariteit en sy vennote is nie aanspreeklik vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat 'n inskrywing nie suksesvol ingedien word nie. Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat onafgelewer is, verlore raak of vertraag word nie. Bewys van stuur is nie bewys van ontvangs nie. 'n Inskrywer moet self ontvangs van sy of haar inskrywing bevestig.
- 13) Solidariteit en Kokoriba Vakansieoord kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies van persoonlike besittings nie.
- 14) Solidariteit en Kokoriba Vakansieoord kan nie aanspreeklik gehou word vir enige beserings of dood van die wenner van die naweek of sy of haar metgeselle nie.
- 15) Die wenner van die naweek asook sy of haar metgeselle aanvaar alle oordreëls en die bepalings en voorwaardes neergelê deur Kokoriba Vakansieoord vir die tydperk van die naweek.